

**25 September**

**Skrifgedeelte: Openbaring 2:1-7**

**Fokusgedeelte: Openbaring 2:4 (1983-vertaling)**

**Hoor mooi wat Jesus vir jou sê: Jy het my nie meer so lief soos in die begin nie**

Hoor wat Jesus sê, beteken jy moet sy opdragte gehoorsaam. Hy weet die gemeente van Efese het, sonder om hulle beginsels prys te gee, teen die slegte mense en valse apostels opgetree. Hulle het ook die werke van die Nikolaïete verafsku. Ten spyte van heidense uitlokking en haglike omstandighede het hulle volhard. Jesus was nie tevrede dat hulle Hom nie meer liefgehad soos toe hulle tot bekering gekom het nie. Die entoesiasme en geesdrif (aan die begin) het vir kliniese koudheid plek gemaak (gewoonte/pligsgevoel). Hulle het Hom nie verlaat nie, maar hulle hart was nie meer op Hom gerig nie.

Waar die vlam van die liefde en verwondering vir God se oneindige genade afkoel, gee Jesus in vers 5 drie stappe om gesond te word, naamlik selfinkeer, innerlike omkering en gedragsverandering.

Selfinkeer vra ware selfondersoek om eerlik en opreg te dink hoe ver jy al agteruit gegaan het. Innerlike verandering is nodig, dit wil sê (hartgrondige) bekering. Innerlik moet jy omgekeer word deur geestelik na die teenoorgestelde rigting om te draai (360° omkeer); om weer vol verwondering na Jesus se kruisoffer te kyk; om persoonlik met Hom gemeenskap te hê. Jou wil en hart moet op God en sy koninkryk gerig word. Om selfsugtig na binne gerig, net vir eie oorlewing te stry, laat jou perspektief op die koninkryk verloor.

Gedragsverandering vereis om weer te doen wat vir God goed en aanneemlik en volmaak is (Rom. 12:2). Wie innerlik omgekeer het, is lief vir en vol verwondering en geesdrif oor God, oor Jesus en sy koninkryk. Wie innerlik omgekeer het, is lief vir sy naaste en vol verwondering oor die hele skepping.

Laat toe dat die Heilige Gees jou denke verander (Rom. 12:2) om deur ware selfinkeer, innerlike omkeer en gedragsverandering koninkrykswerk te doen.

*Sing: Skrifberyming 15-2:1-3 (wysie Ps. 18)*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Queenstown/Dordrecht)*